## 12 My vyf sintuie

Ek gebruik my smaaksin wanneer ek my gunstelingkos eet. My tong stuur boodskappe na my brein.

Proe



Voel



Ek gebruik my tassin wanneer ek my troeteldiere streel. My vel stuur 'n boodskap na my brein.

Ek gebruik my sig wanneer ek 'n reënboog sien. My oë en my brein werk saam sodat ek kan sien.

Sien



Ek gebruik my gehoor om na my vriende te luister. My oor versamel die klanke en stuur boodskappe na my brein.

Luister





Ruik

Ek gebruik my reuksin om mooi blommetjies te ruik. My neus versamel die reuke en stuur boodskappe na my brein.

**Luister na die storie. Lees die storie. Beantwoord die vrae.**

**1** Hoe proe jy jou kos?

**2** Wat gebruik jy wanneer jy jou troeteldiere streel?

**3** Waarvoor gebruik jy jou oë?

**4** Hoe hoor jy klanke?

**5** Wat het al vyf sintuie nodig?